PINKSTER 2013

BANIERE VIR ONS GELOOFSTRYD

Pinkstertyd is tradisioneel inkeertyd, luistertyd, omkeertyd. Ons verwag en bid dat die Here met ons sal werk en ons sal omvorm tot bruikbaarheid in ons aanbidding, ons onderlinge gemeenskap en in ons diens en getuienis in die wêreld. Die NG Kerk familie stap tans doelgerig 'n pad met die Belydenis van Belhar (Belhar). Dit het daarom groot waarde dat ons almal saam met mekaar fokus op die perspektiewe uit hierdie belydenis wat in ons familiekring gebore is. Die nasionaal Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis van die NG Kerkfamilie is van verskeie kante versoek om vanjaar se Pinksterreeks saam te stel aan die hand van Belhar. In die aanbieding word ook verwys na bevestigende en verrykende gesigspunte uit die Heidelbergse Kategismus (HK) en die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB). In hierdie konteks word baie belangrike Bybelse waarhede in die oordenkings van ons elf medewerkers onderstreep. Ons hou hierdie *waarhede soos baniere* omhoog om onsself en andere te herinner aan lewensbelangrike klemme uit die evangelie vir ons geloofsuitdagings vandag. Uit die Woord en aan die hand van ons belydenisse leer ons die kerk behoort nie aan ons nie, maar aan die Drie-enige Here, wat ons uit al die nasies van die aarde saamroep. Ons leer ook dat ons as die liggaam van Christus sigbaar een is, dat ons waarlik met die Here en mekaar versoen is en ook só behoort te lewe. Daarby leer ons ook dat ons Vader 'n hart vol ontfermende geregtigheid het vir mense wat ly, en wat in ons wêreld verstoot en verdruk word en dat Hy verwag dat ons soos Hy sal wees en maak. Ten slotte bely ons soos die eerste Christene weer saam dat Jesus die Here is en dat ons Hom gehoorsaam sal volg.

Tydens vanjaar se Pinkster dink ons saam na oor hierdie perspektiewe. Ons bid dat die Heilige Gees ons as voorgangers en biduurgangers almal innerlik sal verlig en gewillig en bekwaam sal maak om hierdie evangeliewaarhede te aanvaar en met oortuiging uit te leef, sodat die wêreld sal glo.

Ons is baie dankbaar vir ons susters en broers wat saamgewerk het om die Pinksterreeks vanjaar voor te berei. Die VDDG se medewerkers hiermee is D Xolile Simon, Christina Landman, T Eric Ngema, Colin Goeiman, Pieter Grove, André van Niekerk, Victor Pillay, Gustav Claasen, Mary-Anne P van Huffel, M Godfrey Betha en Nelis J van Rensburg.

Die reeks is verder versorg deur ander rolspelers en is elektronies wyd beskikbaar by CLF, Bybelmedia, Luisterseisoen, Communitas, op verskillende elektroniese webwerwe en nuusbriewe van ons kerkfamilie asook by 'n aantal kerkkantore.

Namens die nasionaal Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis van die NG Kerkfamilie.

Johan Botha, Eddie Orsmond, Donald Gantana

Inhoud

Deur God drie-enig saamgeroep...
1. God drie-enig maak van ons God se Kerk, God se Liggaam, deur die Woord en Gees – Ef 1:1-14 (Xolile Simon)

as 'n sigbare eenheid...
2. Christus maak ons een – Ef 2:11-22 (Christina Landman)
3. Die nuwe verenigde gemeenskap in Christus versorg mekaar - 1 Kor 12:1-31 (21) (T Eric Ngema)
4. Bely en beliggaam sigbare eenheid in die wêreld – as ons gawe en ons opdrag – Ef 4:1-16 (Colin Goeiman)

in ware versoening...
5. Ons is versoen in Christus – 2 Kor 5:17-21 (Pieter Grove)
6. As versoendes kyk ons nou na mekaar met nuwe oë – 2 Kor 5:11-16; 2 Pet 3:13 (André van Niekerk)
7. Bely en beliggaam ware versoening oral – Kol 3:1-4:6 (Victor Pillay)

met ontfermende geregtigheid...
8. Ons Here gee om – Luk 1:46-55 (Gustav Claasen)
9. Ons Here herstel die reg –Luk 6:20-26 (Mary-Anne P v Huffel)
10. Bely en beliggaam ontfermende geregtigheid – Jak 1:19-27 (Godfrey Betha)

gehoorsaam aan ons Here, Jesus Christus...
11. Ons bely moedig agter Jesus ons Leidsman en Voorbeeld aan – 1 Pet 3:15-18(2:18-25) (Nelis J van Rensburg)

1. **Die Drie-enige God skep ons om God se Kerk, God se liggaam te wees, deur middel van die Woord en die Gees**

Xolile Simon

Skriflesing: Efesiërs 1:1-14

Belydenisse
* Belhar (Inleiding)
Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur die Woord en Gees die kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

* NGB art 16
Ons glo dat God...Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy die wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem,...

* NGB art 27
Ons glo en bely 'n enige, katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo,...
Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees,...

* HK - V&A 33
...Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is (a), terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is (b)

* HK - V&A 34
Waarom noem jy Hom ons Here? Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het.

Oordenking

Wie is ons?...
Wie is ons, die kerk, aan wie behoort ons en vir watter doel? God het ons bymekaargemaak, versamel, uitverkies, aangeneem, verlos, vrygekoop as sy eiendom, getuig ons belydenisskrifte. Efesiërs 1:3 bely ons is 'n gemeenskap (volk) wat geskep is deur die drie-enige God. Ons is afhanklik van God, die bron van ons gawes in elke ruimte en in die fisiese teenwoordigheid van Christus (vergelyk ons "in Christus wees").

Maar, waarom en hoe het die Drie-enige God ons as die gelowiges, as die liggaam van God, van Christus so geseën? Efesiërs antwoord dat God ons geseën het deur die Woord en die Heilige Gees vir nou, hier, "sodat ons heilig en sonder gebrek sou wees in sy teenwoordigheid" (1:4d). En ook vir die toekoms, "sodat ons in verwondering God se lof ... sy wonderlike genade sal roem" (1:6 a; 12a; 14c) in aanbidding, in lewe en getuienis. God se gawes motiveer ons persoonlike toewyding. Maar dit stel ons ook in staat om deel te neem aan God se interaksie met die owerhede en magte (Ef 6:10-18).

Die Drie-eenheid is ons bron...
Die Drie-enige God is die bron van alle geestelike seëninge wat ons as die liggaam van Christus ontvang. Beide God se seëninge en die vernietigende owerhede en magte van hierdie wêreld daag ons uit. Hulle bied aan ons nuwe geleenthede om 'n ander werklikheid te verbeel. Hulle slyp ons identiteit. Hulle verdiep ons lojaliteit as kerk aan die Drie-enige God in ou en nuwe kontekste. God self is egter die bron van ons gawes, van "elke geestelike seëning", insluitend om God nou, hier as 'n heilige en

onberispelike gemeenskap te loof. In ons persoonlike toewyding asook deur ons deelname aan die interaksie van God en Christus met die korrupte magte in die wêreld, word ons as kerk gevorm en vernuwe deur die Woord en Gees. En daarom begin en eindig Efesiërs 1 met die *lof van die Drie-enige God.* "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus" (1:3 a; 14a)! Dit is tegelyk 'n uitdrukking daarvan en ook 'n oproep aan ons om God te eer vir al ons genadegawes.

Eenkant gesit om te getuig...
Ons is as die ligaam van Christus deur God eenkant gesit, beide as gawe en ook as 'n getuienis. God het van alle tye af deur Jesus Christus gewerk, ook vandag en in die toekoms, sodat ons heilig en sonder gebrek sou wees in Christus se teenwoordigheid" (1:4 d). Efesiërs leer ons is gekies en heilig gemaak van voor die grondlegging van die wêreld. Dit verduidelik hoe afhanklik ons van God is en dat ons "in Christus" is. Om gekies te wees en eenkant gesit te wees is tegelyk deel van ons geestelike gawes, maar is ook die basis vir elke geestelike voordeel van die Christelike gemeenskap. Met persoonlike belangstelling en liefde het God 'n bepaalde groep van individue onder baie ander groepe uitgekies, en eenkant gesit. In die konteks van Efesiërs 1 is hierdie "eenkant gesit" 'n geskenk. Nou, ná die verkiesing en eenkant sit, word hierdie gemeenskap aangemoedig om "heilig en onberispelik in sy teenwoordigheid" wees (1:4 d). God wil die kerk "sonder vlek of rimpel" maak, deur Christus (5:27).

Om gekies te word is nie 'n voorkeur vir sommige en 'n afkeur van ander nie. Die karakter en dade van die gelowiges het geen invloed op die keuse en aksie van God nie. Ons is slegs die ontvangers van die seëninge. Dit is "ongelooflik dat God enige [van ons] sou verkies en geen wonder dat God geprys moet word nie" (Hoehner). Wanneer 'n mens 'gekonfronteer word met hierdie openbaring van die wonderlike genade, staan jy in verwondering voor die aangesig van God (Hendriksen). Wanneer ons God hiervoor loof, herinner dit ons dat ons aan God behoort en dat ons afgesonder is om God te aanbid en om te getuig oor die seën wat ons ontvang het.

Wat het dan gebeur? Jode en Grieke uit Klein-Asië én mense van al die nasies het deel van die liggaam van Christus geword soos hulle die Woord gehoor en geglo het. Diegene wat afgesonder en gestuur is in die wêreld deel hul ervaring van redding, van geloof, deur deel te neem in die getuienis van die Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is so dat sommige hoor, maar, die getuienis betwyfel en nie tot geloof kom nie (Hendriksen). Diegene wat "die woord van die waarheid " gehoor het, en positief gereageer het (in die geloof), hulle is "verseël met die belofte van die Heilige Gees" en hulle sien uit na die finale vervulling van die seëninge van God in Christus en deur die Gees (1:13 d). Die Heilige Gees is die eerste deposito of paaiement van ons erfenis (1:14 a), 'n voorsmaak in die hede van wat nog in die toekoms kom.

In 'n nuwe plek in elke plek...
Die liggaam van Christus is geseënd deur die verkiesing van God en die versoening en vernuwing "in Christus" te midde van die magte in elke ruimte en plek. Die seëninge gaan "die grondlegging van die wêreld" vooraf en oortref dit. Hulle is bo die tyd en ruimte. Die sëninge sluit gebeure in wat God gebruik om die Christen-gemeenskappe mee te seën. Die beeld van "alle geestelike seëninge van God" verwys na die historiese gebeurtenis dat God ons geseën het in Jesus. Deur persoonlike toewyding en 'n lewende geloof in Hom (1:1-14) ervaar die liggaam van Christus die seën van God.

Maar, selfs in 'n neutrale of vyandige omgewing kan die liggaam van Christus die verborge kragte van God herken (Schnackenburg). Die owerhede en magte (d.i. onderdrukkende en korrupte heersers en owerhede binne godsdienste en sosiale instellings; geld, besittings en materialisme wat beskou word as tydelike en ewige welvaart - seëninge; verpligtinge teenoor godsdienste, politiek, tale, kulture of "clans" wat lei tot eksklusiewe en onderdrukkende praktyke) bo, onder en rondom ons mag lyk na gebeure en strukture wat ons menslike lewe beheer. Máár hulle het nie die laaste sê oor oor wie ons is of wat ons kan word of doen nie.

Christus het die magte deur sy dood en opstanding "ontwapen" (Newbigin by Efesiërs 6:10-18, Gombis by Efesiërs 1:1-14)). Die dood en opstanding van Christus het die magte oorwin, wat

uiteindelik geoordeel en heeltemal vernietig sal word. Om "in Christus" te wees, is om in 'n nuwe plek in elke plek te wees (Gombis). Deur ons verhouding met God en ander gelowiges word ons identiteit in Christus behou, ons menslike waardigheid herwin en word ons bemagtig te midde van materialisme, die vernietiging van die omgewing, klas en geslag diskriminasie, nasionalisme en xenofobie.

Gods heerlikheid in elke plek en ruimte...
So verheerlik ons die Here, die Een aan wie ons behoort. Ons is "eenkant gesit", uitgekies om die heerlikheid van die Here te wees in elke plek en ruimte. Ons leef nie meer met verwysing na onsself nie, want daarin is hoegenaamd geen heerlikheid nie. Ons word ook nie langer deur aardse identiteite bepaal wat gedefinieer en gestruktureer word deur vernietigende owerhede en magte nie (Gombis).

Inteendeel, ons getuig deur God te bly prys in aanbidding en lewe. Want ons weet waarin ons ware en volmaakte geluk bestaan. Dit is naamlik in die lewe waarop ons hoop en wat nog vir ons verborge is, sodat ons nie aan hierdie wêreld vasgemaak sal wees nie" (Calvyn). Daarom bly put ons uit ons ou en nuwe tradisies, die lofsange en kategismusse. En ons begin en eindig ons verhale en getuienisse deur die verering van die Drie-enige God: "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat die kerk seën, en Christus wat die kerk vernuwe, en die Heilige Gees wat die kerk beseël, beskerm en hoop gee vir nou en die toekoms. Ons loof die Here en bely dat Jesus Christus die Here is oor alle aardse en hemelse plekke en ruimtes.

Gebed
Ons loof U Here dat U ons geroep het en seën om u getuies te wees. Ons dank U vir die gawe van en die groei van die eenheid binne die NG Kerkfamilie. Ons bid U vir 'n groter en dieper vertroue onder ons, die lede van die liggaam van Christus. Ons bid vir egte en ware eenheid en gemeenskap tussen ons, u broers en susters, u kerk in hierdie wêreld. Amen

2. Christus maak ons een

Christina Landman

Skriflesing: Efesiërs 2:11-22

Belydenisse
* Belhar art 2
Ons glo aan een heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag. (Ef. 2:11–22) Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is;... (Joh. 17:20–23) dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word;...

* NGB art 28
Elkeen is verplig om by die ware kerk aan te sluit. Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word, en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook is, in selftevredenheid hom van hierdie vergadering afsydig mag hou nie. Inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar, deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien. En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie, en hulle by die vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood- of lyfstraf oplê. Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God…

Oordenking

Uit God se perspektief...
Ons begin met ’n storie. Op ’n dag roep God sy engele byeen. “Die mense op die aarde baklei te vreeslik,” sê God, “Ek moet vir hulle vrede gee.”

“Maar waar sal U die vrede sit sodat hulle dit sal kry?” vra ’n engel, “miskien in die hemel iewers?” “Nee,” sê God, “die mense moet dit nie eers kry wanneer hulle doodgaan nie; vrede is vir die aarde.”

“Maar waar op aarde sal U dit sit? Waar soek mense na vrede? In die sjebeens? Of in mooi huise agter hoë mure en elektriese sekuriteit?” vra nog ’n engel wrang.

“Ek sal die vrede in die mense se harte sit,” sê God.

“Maar hoe sal hulle dit daar kry?” vra ’n ander engel skepties. “Wanneer mense na iets in hulleself soek, soek hulle met selfsug en eiebelang. Wat help vrede in elk geval as dit net binne bly?”

“Dan sal ek self gaan, en vir mense help om vrede in hulleself te vind, en veral, om dit met ander te deel,” sê God, “dat hulle een kan wees”.

“Die gelowiges sal nooit een word nie,” sê dieselfde engel.

“Hulle hoef nie een te word nie, sê God, “hulle hoef net een te wees. Hulle is klaar een. Ek sal gaan en hulle leer om soos een te lewe.”

“Maar hoe sal hulle U ken? U het dan nie ’n naam nie,” sê die engele.

“Ek sal myself Jesus noem,” sê God, “en hulle sal self byvoeg ek is die Christus wat vrede bring, omdat hulle een sal wees.”

Die mure tussen mense...
Toe Paulus die Efesiër brief skryf, is dit al so 30 jaar nadat Jesus Christus gelewe, gesterwe en opgestaan het. Dit is so min of meer die jaar 62nC. Dis nie ’n goeie jaar vir Paulus nie. Hy sit in die tronk in Rome.

Paulus ken die Efesiërs goed. Hy het dikwels by Efese aangedoen op sy sendingreise. Eenkeer het hy drie jaar lank daar gewerk.

Terwyl Paulus in die tronk in Rome sit, bekommer hy hom oor die gelowiges in Efese. Rome is ’n hele entjie van Efese af. Efese is in vandag se Turkye. Vaar jy met ’n skip van Rome af na die Ooste toe, sou jy wel by Efese aandoen. Paulus se brief sou beslis daar aankom

Maar wat is so erg in Efese dat Paulus hom meer daaroor bekommer as dat hy self in die tronk sit? Die gelowiges in Efese is verdeel. Hulle deel hulself op in groepe - Jode en nie-Jode, “heidene” en wat nog meer. Die terme waarmee Christene in Efesiërs na mekaar verwys, is *paroikos*, wat ons as “afspringer” sou vertaal, en *ksenos*, wat vandag ’n “buitelander” sou wees soos in “zenofobia”, en *parapedimos,* seker iets soos ’n “onwettige immigrant”. Terwyl Christene wreed vervolg is – soos Paulus self - baklei die gelowiges in Efese oor wie die reinste, die belangrikste en die regopste is. En dit, sê Paulus met ’n seer hart, is wat Christene aan mekaar doen, terwyl ons mekaar eerder “burgers” van God se koninkryk behoort te noem.

Wat skryf mens nou vir mense wat mure tussen hulle bou, vir mense wat almal in Christus glo maar Hom verkillend benader, en mekaar name noem?

Laat die eenheid groei...
Vandag, meer as tweeduisend jaar later, praat mense van “verskeidenheid bestuur”. Dit lyk of mense wat uit ’n verskeidenheid agtergronde, kulture, geslagte en rasse kom, nie vanself met mekaar oor die weg kom nie. Hulle kry nie daardie vrede in hulleself nie.

Daarom bestuur besighede en organisasies verskeidenheid volgens drie beginsels. As ’n mens nou na hierdie drie dinge kyk, hoor jy dit wat Paulus lank gelede al in Efesiërs 2:11-22 vir die gelowiges gesê het oor hoe om hulle verskeidenheid te bestuur.

Die eerste riglyn. In ’n besigheid gaan dit nie om indiwidue nie, maar om die organisasie. Lede van hierdie organisasie word saamgebind deur ’n visie, al verskil hulle as indiwidue van mekaar. Eintlik verskil alle mense van mekaar, al behoort hulle aan dieselfde kultuur of ras of geslag.

Dit het Paulus toeka al gesê toe hy die Efesiërs op die eenheid gewys het wat Christus vir ons is en wat alle verskeidenheid te bowe gaan. Vers 14 sê eenvoudig: “Christus is ons vrede”. Christus het verskillende groepe een gemaak. Dit is die suiwer visie van wat ons vandag “kerk” noem.

Tweedens, sê besighede, kom saamwerk nie vanself nie. As ’n mens vrede net in jouself soek, gaan jy dit nie daar kry nie. Saamwees is harde werk. Eenheid is ’n werkwoord. Daarvoor moet jy die verskeidenheid van mense erken en respekteer – en uiteindelik vier! Twee dinge moet jy nie doen nie: nie net op die verskille tussen mense konsentreer nie en ook nie net op die ooreenkomste tussen hulle nie - en ontken dat hulle ook verskil nie.

Dis wat Paulus ook vir die Efesiërs skryf (vers 15vv): Christus het klaar die muur tussen julle afgebreek. Julle kan die verskeidenheid tussen julle aanvaar, sonder om deur mekaar bedreig te voel. Julle is in Christus klaar een! Vier julle een liggaam in al sy verskeidenheid.

'n Derde ding wat besighede en organisasies sê, is dat eenwording 'n proses is. As die organisasie sy visie en etos vasgelê het, begin daar 'n proses. Eers word verskeidenheid *ingenooi* (ons noem dit vandag "regstellende aksie"). Dan moet mense begin om verskeidenheid te *waardeer*, en moet dit *bestuur* word. Uiteindelik moet verskeidenheid in 'n organisasie *geleef* word! Anders het die proses nie geslaag nie.

Paulus het dit so aan die Efesiërs verduidelik: "Jesus Christus is ons hoeksteen" (vers 20). Op hierdie hoeksteen word die kerk gebou, steen vir steen, in sy volle verskeidenheid – tot een geestelike woning "waarin God woon" (vers 22). So *leef* ons ons verskeidenheid.

Baniere vir ons pad...
Wanneer ons op hierdie pad stap, het ons drie baniere. Op elkeen van hulle staan Paulus se woorde aan die Efesiërs: Op die eerste banier staan: "Christus is ons vrede". Die tweede een lees: "Met Christus breek ons die mure tussen ons af." Die derde een sê eenvoudig: "Jesus Christus self is ons hoeksteen".

Die eenvoud van Paulus se brief aan die Efesiërs is ook die eenvoudige, kragtige boodskap van die Belydenis van Belhar. Die eenheid wat Christus bring, moet sigbaar word in die kerk. Dit is 'n opdrag. Ja, eenheid is 'n werkwoord. Dit is 'n proses. Maar die hoeksteen is klaar daar.

Sigbare eenheid, en vrede daarmee saam, is wat ons elke dag moet leef, met mekaar in ons verskeidenheid, en saam met God wat onder ons woon.

Gebed
Liewe Here, U is ons eenheid, ons viering, ons vrede. Stap voor ons, om ons te lei. Stap agter ons, om ons op te tel wanneer ons val. Stap langs ons, dat ons mekaar se hande kan vat. Maar veral, stap in ons, dat ons vrede kan hê. Amen

3. **"Die nuwe verenigde gemeenskap in Christus gee om vir mekaar "**

T Eric Ngema

Skriflesing: 1 Korintiërs 12:1-31 (21)

Belydenisse

* HK - V&A 55

Wat verstaan jy onder "die gemeenskap van die heiliges"? Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het. Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.

* Belhar art 1

Ons glo in een heilige, algemene Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag. ... dat hierdie eenheid van die volk van God op ’n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen; daarin dat ons skuldig is om onsself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee;...

Oordenking

Elkeen is belangrik ...

Die eenheid van die kerk in ons Skriflesing word aangebied as die hoogtepunt van die Heilige Gees se verenigende werk. Vir die liggaam - dws die Kerk – om doeltreffend te funksioneer moet al die dele van die liggaam goed saamwerk en gesond wees. Kom ons dink na oor hierdie fundamentele waarheid.

Die die Heilige Gees vra elke lid van die liggaam om die betekenis van elke deel van die liggaam van Christus te onderskei. Die Kerk as die ware liggaam van Christus kan nie wegkruip agter die verskeidenheid en dus versuim om die oproep tot 'n sigbare vertoning van hierdie eenheid te beantwoord nie. Hierdie waarheid is veral duidelik uit die Belydenis van Belhar se fokus daarop dat ons 'n verskeidenheid in die eenheid is. Ons wêreld erken inderdaad diversiteit. Sommige beklemtoon dat ons verenig is in ons diversiteit. Maar, in 1 Korintiërs 12:20 word ons geleer dat Christus soos 'n enkele liggaam is, dat ons individueel lede is van sy een liggaam en dat hierdie verskillende en uiteenlopende dele of lede van die een Christelike liggaam mekaar dien (12:25). Om nie te wil behoort aan hierdie een werkende liggaam nie en so 'n posisie te regverdig, is in teenstelling met die onderrig van 1 Korintiërs 12.

Die waarheid is dat ons almal deur een Gees gedoop is tot een liggaam - Jode of Grieke, slawe of vrymanne - almal het van die een Gees gedrink. 'n Ander vertaling sê ons is almal deurdrenk deur die een Gees (12:13). Dit volg logies dat die een liggaam van Christus inderdaad benadeel word deur enige teken van verdeling of skeiding, en dit gee natuurlik vreugde aan die Vyand en aan die liggaam se teëstanders.

Ons behoort te sorg vir mekaar ...

God se boodskap aan ons is oor die sorgsame gemeenskap van gelowiges. Die uitdaging aan elkeen van ons in die liggaam van Christus, die kerk in die algemeen, is "om nie net net na ons eie belang om te sien nie, maar ook na die belange van die ander” (Fil 2:4). In 1 Korintiërs 12:21 sien ons dat sommige lede van die liggaam swak lyk, selfs oorbodig, selfs sonder betekenis. Maar die waarheid is dat die liggaam sonder daardie lede onvolledig is. Dit is selfs meer belangrik vir die gelowige gemeenskap wat dieselfde belydenis deel. Die Heilige Gees en die liefde van Jesus Christus in ons

dryf ons om mekaar se laste te dra. Die logika van 1 Korintiërs 12:26 is helder. Wanneer een lid in die liggaam ly, ly die ander lede ook en as een lid bly is, is die hele liggaam bly.

Die lede van die liggaam het mekaar nodig. Die een Gees wil nooit verdeeldheid in die een liggaam, die kerk hê nie. Om ruimte te maak vir selfsug en eie belange te dien, is om voor die strategie van die vyand, die Bose te swig. Gedurende die seisoen van Pinkster moet ons onsself daarom ondersoek en weer biddend soek na die waarheid van ons roeping om vir mekaar te sorg.

Beide die Heidelbergse Kategismus en die Belhar Belydenis vra van ons om onsself gewillig en met vreugde te gee om deel te wees van die een liggaam, die heilige gemeente, die kerk, en om tot voordeel en 'n seën te wees vir mekaar. Soos die HK (55) dit stel: "elke lid moet dit as 'n plig beskou om hierdie gawes gewillig en met vreugde te gebruik vir die diens en verryking van die ander lede".

Lidmate van die kerk word geroep om mekaar te troos, en mekaar te stig (1 Tess 5:11). Die liggaam van Christus staar verskillende uitdagings in die gesig. In tye van uitdaging word die versorging van die liggaam deur sy lede sigbaar vertoon. En dit is dan die openbare getuienis en die goeie nuus vir ander mense van ons wedersydse liefde in aksie.

Omgee vir mekaar mag opofferinge eis. Dalk is daar nie erkenning vir jou pogings nie. Dit vereis dan uithouvermoë en volharding, juis as jy nie die krag het om aan te gaan en om lief te hê ten spyte daarvan dat jy nie liefde terug ontvang nie. Om opofferend binne die een liggaam van Christus om te gee vir mekaar is nie opsioneel nie. Dit is ons manier van lewe.

Die liggaam het behoeftes en 'n duidelike doel ...
Die lede van die liggaam het behoeftes. Sommige mag by tye in die kerk so selfgenoegsaam word dat hulle die behoeftes van ander lede uit die oog verloor. Maar, vir die liggaam om doeltreffend te funksioneer, is dit nodig dat al sy dele gesond is. Ons weet wanneer een been afgesit word, word die liggaam se doeltreffendheid gekompromitteer.

Die kerk as die liggaam het 'n openbare funksie en doel. Daar is 'n groot behoefte vir hierdie liggaam om in die openbaar te veg teen die plaag van armoede, die behoefte om gesamentlik die stryd te voer teen die verspreiding van siektes en om teen morele agteruitgang te veg, die behoefte om saam te bid vir mekaar en die behoefte om na die wêreld te gaan en hulle dissipels van Jesus te maak.

Om in staat te wees om nuttig te wees en doeltreffend in hierdie rol is dit nodig dat ons onthou en erken aan wie ons behoort. Ons is die skepping en eiendom van God, en die Heilige Gees het ons tot een nuwe mens gedoop. Daarom - om in staat te wees om regop te staan en in te reik na die pyn van die samelewing toe, om in staat te wees om die behoeftiges te dien en die klad van armoede te beveg, as die instrument in God se hande wat kan help om 'n moreel gesonde samelewing teweeg te bring, en om in staat te wees om dissipels van die nasies van die wêreld te maak - het ons as Christus se liggaam nodig om gesond te wees en het ons al ons dele saam in diens van mekaar nodig om te funksioneer, in diens van die behoeftiges en dus tot eer van ons enigste Here.

Om die een, getuigende liggaam te wees ..eer die Here en is genesend...
Laat ons ten slotte weer aandagtig luister na hoe die Belhar Belydenis die toepaslike waarhede van God se woord in perspektief plaas in verband met ons eenheid as Christus se een, getuigende liggaam:

"Die eenheid van die volk van God moet op ’n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte kry en werksaam wees, daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen; daarin dat ons skuldig is om onsself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee; daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdrenk is; van een brood eet en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel, saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; saam opgebou word tot die gestalte

van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul; mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig;..."

Laat hierdie belydenis sigbaar word vir almal en laat ons getrou bly aan hierdie belydenis as die verenigde liggaam van Christus wat uit sy Gees gebore is. Laat die Heilige Gees ons beweeg om ons Here te eer, laat ons harte en gedagtes omskep word tot 'n lewende, 'n duidelike banier van Christelike eenheid, 'n geneesmiddel vir baie siektes in ons wêreld vandag.

Gebed
Ons dank U Here Jesus dat U ons as u liggaam geskep het en vir ons bly omgee. Ons loof U vir die eenheid van u liggaam. Ons bid vir egtheid en toewyding aan mekaar en dat ons vir mekaar sal omgee en sorg soos U deur u Heilige Gees steeds vir ons doen. Amen

4. Bely en beliggaam sigbare eenheid in die wêreld – as ons gawe en ons opdrag

Colin Goeiman

Skriflesing: Efesiërs 4:1-16

Belydenisse
* NGB art 29
…aangaande die lidmate van die kerk: Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser, Jesus Christus, aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie, en hulle sondige natuur met sy werke kruisig.

* Belhar art 1
Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is; dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit ’n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees, maar terselfdertyd ’n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word; dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, ge-volglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word;...

Oordenking

Die doel waarna ons strewe...
In Sionsgesang 292 is ’n pragtige versreël wat lui: “Doel waarna ek strewe, U is alles Heer!” Hierdie woorde sou ook Paulus se woorde uit die tronk aan die gemeente van Efese wees. Dit is die opsomming van Paulus se boodskap aan die Efesiërs in die eerste drie hoofstukke van sy brief. Paulus herinner hulle aan die wonderlike roeping van God wat op ’n dag ook vir hulle bereik en hulle lewens kom nuut maak het. Hy sê: “Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte” (Ef 2:2). *Maar, toe het daar iets wonderlik met julle gebeur*: “Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ’n gawe van God. Dit kom nie uit julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie” (Ef 2:8, 9). Daarom Efesiërs, omdat dít julle fondament is, “Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het” (Ef 4:1).

Dit is belangrik om so te lewe omdat die grootste rede vir ongeloof in die wêreld die swak getuienis van Christene is. Al te dikwels beoefen diegene wat liefde predik eerder die haat. Al te dikwels is diegene wat eenheid bely, verdeel oor die onbenulligste kwessies. Bertrand Russell, ’n ateïs filosoof, het eenkeer gesê dat as Christene uitleef wat hulle glo, hulle die wêreld sal verander. Mahatma Ghandi het ook gesê dat hy baie graag ’n Christen sou wou word, maar hy wag net om iemand te ontmoet wat werklik uitleef wat Jesus geleer het. Die grootste rede vir ongeloof vandag in die wêreld is ons swak getuienis.

Om die doel te bereik...
In Efesiërs 4:2 borduur Paulus voort op die tema. Let op die klem op nederigheid. Die 1953 Afrikaanse Bybelvertaling stel dit sterker: “met alle nederigheid” (Engels - lowliness of mind). Ons moenie te veel van onsself dink nie. Dit beteken egter ook nie dat ons ’n lae selfbeeld moet hê nie. Nederigheid help ons om die lewe te sien as ’n gawe van God. Alles wat ons besit, al ons vermoëns, is gawes van God.

Dan beklemtoon Paulus sagmoedigheid. Dié woordjie is ook in die saligsprekinge. Sagmoedigheid is krag en sterkte wat onder beheer gebring is. Hierdie woord is ook gebruik vir wilde perde wat ingebreek en geleer word. Nederigheid is dus die kwaliteit van ’n sterk persoon wat meester/es van hom-/haarself, en tog dienskneg/-maagd van ander is. Sulke sterk persoonlikhede is goed, solank dit onder die beheer van die Gees is en gebruik word om andere te dien.

Verder word ons beveel om geduldig te wees met mekaar. Verhoudinge is nooit maklik nie. Om ’n lewe waardig ons roeping in Christus te lewe, beteken egter dat ons nederig, sagmoedig en geduldig mekaar in liefde moet verdra. Nie met sarkasme nie maar met liefde. Nie dikmond en brommerig nie maar in liefde. Kolossense 3:14 stel dit so: “Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.” Liefde is die fondament.

Handhaaf die eenheid...
Gedagtig hieraan neem Paulus ons ’n stappie verder. Hy doen ’n oproep vir eenheid in die kerk. Vers 3 vra dat ons ernstig daarna moet strewe om die eenheid van die Gees te bewaar. Die werkwoord wat as “*ernstig strewe*” vertaal word, is baie sterk. Dit dui op die dringende inspanning van die volle menswees, die wil, die rede, die fisiese krag en die ingesteldheid.

Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het te handhaaf (te bewaar) deur in vrede met mekaar te lewe. Ons moet nie die eenheid probeer skep nie. Dit is reeds aan ons gegee! Dit is ’n geskenk. Om eenheid te bewerkstellig is een van die belangrikste take van die Heilige Gees. Onder die leiding van die Gees moet ons dit met alles in ons beskerm – dit bewaar. Ons maak so baie moeite, ons gee groot somme geld uit om kerkgeboue te beveilig. Mag ons met dieselfde inspanning die geskenk van eenheid bewaar. Ook ons begrotings moet dit reflekteer.

Hoekom moet die eenheid gehandhaaf word? Die rede volgens ons teks is duidelik. Daar is net een liggaam en net een Gees, soos daar net een hoop is en net een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van ons almal. God is oor ons almal. Hy gebruik elke gelowige om sy werk te doen. Hy woon in almal. Hy is nie verder van party as van ander nie. En Hy wil alles uiteindelik met sy teenwoordigheid vul (4:10) en dat ons soos 'n volgroeide mens sal wees, so volmaak en volwasse soos Hy (4:12). Daarom is dit vir ons belangrik om die eenheid te handhaaf.

’n Paar jaar gelede by die Paralimpiese Spele in Seattle, VSA het 9 fisies- en verstandelik gestremde atlete gereed gemaak vir die 100 meter wedloop. Met die wegspring het een outjie gestruikel en geval. Hy het begin huil. Die ander 8 atlete het gestop en omgedraai. Een meisie, met Downs Sindroom, het afgebuk, die seun gesoen en gesê: “Toe nou maar, dit is nou nou oor”. Toe het al nege bymekaar ingehaak en saam gestap na die eindstreep. Almal in die stadion het opgestaan. Die applous het aangehou vir ’n volle 10 minute.

Daardie wedloop skets vir ons ’n prentjie van hoe God se familie moet wees. Ons het almal seer gekry, ons is almal op een of ander wyse gestremd. Tog maak God, in sy oneindige barmhartigheid en genade, ons deel van sy familie deur die geloof in Christus. En dit is met hierdie geestelike familie wat ons op reis gaan deur die lewe terwyl ons mekaar help op die pad.

Gebed
Hemelse Vader, wil u deur u Gees ons help om meer en meer getrou te wees aan U opdrag om die eenheid tussen ons te bewaar. Gee aan ons die nodige nederigheid, sagmoedigheid, geduld en liefde om dit te kan doen. Amen

5. Ons is versoen in Christus

Pieter Grove

Skriflesing: 2 Korintiërs 5:17-21

Belydenisse
* NGB art 21
Ons glo dat Jesus Christus - kragtens 'n eed - 'n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek. Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort, soos die profete dit voorspel het….
… Hy het na liggaam en siel as Regverdige vir onregverdiges gely (1 Pet 3:18);

* HK - V&A 29
Waarom word die Seun van God genoem: Jesus, wat Verlosser beteken? Antwoord: Omdat Hy ons van al ons sondes verlos (a) en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie (b).

* Belhar art 2
Ons glo dat God aan die kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het;...
dat God se leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het ...
(dat) die gedwonge skeiding van mense op rasse-grondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig...

Oordenking

'n Verlange na versoening...
Die tema vir vandag se Pinksterbiduur lei ons in een van die groot en geheimvolle werklikhede van die Gees van Christus, juis baie gepas vir hierdie tyd van die kerkjaar, maar ook vir die omstandighede in ons verskeurde wêreld en vir Suid Afrika.

Die wêreld waarin ons lewe sug dikwels na diepgaande versoening. Hierdie verlange kom op vanuit harde omstandighede van vyandskap, geweld, vooroordele, bitterheid, diskriminasie en vervreemding. Ons sien die verskeurdheid van mense en samelewings in die geweld wat woed in verskeie wêrelddele. Nader aan Suid Afrika sien ons gewelddadige vervolging in Zimbabwe. Suid Afrika worstel elke dag nog met die vraag na die aard van ware versoening, omdat ons ook uit 'n verlede van diepgewortelde vyandskap kom.

Versoening is egter nie net van toepassing waar daar openlike geweld plaasgevind het nie. Talle gemeenskappe en miljoene mense leef met bedekte onversoendheid. Mense leef met vooroordele en skewe beelde van andere, sien neer op armes en eenvoudiges, of op vroue, ander kulture, en gestremdes. Onversoendheid setel in die begeertes van die mens na ongebondenheid, selfbeheer en dominering van ander mense en die natuur. Daar is 'n daadwerklike element van afgodery in die mens se pogings om sy eie lewe te bepaal.

Die afwesigheid van sigbare verhoudings van versoening spruit deels uit die hoogmoedige pogings van mense om hul eie menslike versoening te bewerk. Talle instansies, veral nasies wat vanuit 'n periode van akute konflik kom, soek die weg na versoening en probeer om vanuit hul eie insigte oplossings te vind.

Die Belhar Belydenis waarsku teen sulke pogings en wys op die misleiding en verdraaiings wat plaasvind wanneer ons ons eie versoening probeer bewerk. Dit bely onder andere dat **"**die gedwonge

skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig" en dat so 'n leer op niks anders as ideologie en dwaalleer berus nie (Belhar art 3 par 3).

Ons sien dus dat beide die diepte van die onversoendheid, die wrange en vernietigende vrugte daarvan en die aard van versoening vanuit 'n geestelike bron belig moet word om dit te kan begryp. Selfs Christenmense faal dikwels in hierdie taak en val terug in menslike definisies van versoening.

Die versoening in Christus gee ons vriendskap met God...
Die apostel Paulus leer in 2 Korintiërs 5:17–21 dat enige waaragtige versoening 'n werk van God alleen is. Die wortel van die onversoendheid lê nie tussen mense in die eerste instansie nie, maar tussen die mens en God. Ons kan nie van versoening tussen mense op sy eie praat sonder om die verhouding met God in berekening te bring nie. Paulus herlei daarom die onversoendheid tussen mense en God na ons oortredinge, ons sondes en ons ongeregtighede (verse 19, 21). Onversoendheid en vyandskap het altyd te doen met geestelike werklikhede, naamlik met die verhouding van mense met hul Skepper en Verlosser. Met ons sondige gerigtheid en misdade het ons as mens onsself in vervreemding gedompel en ons onder die oorheersing en verknegting van sonde gestel.

Paulus kom praat daarom nie van die versoening in Christus as 'n verandering in die gevoelsbelewing van mense of van die houding of gesindheid van mense nie. Hy praat van 'n verandering in die verhouding wat tussen God en mens bestaan, 'n verskuiwing in die plek van waaruit die mens God ontmoet.

Hierdie verhoudingsverandering (versoening) of plek-verskuiwing beteken dat gelowiges oorgebring is vanuit die toestand en mag van sonde waarin hulle hulpeloos verstrengel was na die toestand en plek van vriendskap met God. Self sou hy dit nooit kon bewerk nie. Slegs God kon die mens van die vyandskap bevry. Dit het Hy uit vrye guns bewerk deur Christus. Dit bring mee dat die mens nou met 'n nuwe status, as geregverdigde voor God staan.

Die Apostel gebruik die begrip "versoen" (Gr. *katallassein*) wat dui op 'n handeling waardeur vrede gemaak is tussen twee vyande. Hierdie handeling is die werk van 'n middelaar waarsonder die vyandskap nie opgehef sou word nie. Paulus leer dat God alreeds gehandel het deur Jesus as die Middelaar te stuur en op 'n uiters duur wyse, die weg van die kruis, die mens los te koop van sy veroordeling en vyandskap met God. Paulus leer dat God ons oortredinge nie teen ons hou nie, maar eerder die prys vir ons misdade op Christus laat neerkom het. Meer nog, Hy reken die geregtigheid van Christus vir ons toe.

Met 'n nuwe lewensorde in ons harte...
Die vraag wat altyd onderliggend aan die wêreld se versoeningspogings lê, is: "waar sal ons die versoening sien?" Omdat die wêreld die diepte van die vervreemding misken, ten spyte van die verskrikkinge van die geskiedenis, kan dit ook nie die versoening as geestelike werklikheid verstaan nie. Paulus roep egter sy geloofsgenote op om die versoening wat God reeds as 'n werklikheid bewerk het, hul eie te maak. Daarmee saam beklemtoon hy dat die gelowiges in Christus self ook ambassadeurs van God se versoeningsboodskap word.

Dit is onmoontlik dat Jesus se volgelinge wat die versoening en vergifnis in Christus leer ken het, nie deur hierdie werklikheid verander sal word nie. Godskinders sien hul eie lewens nou vanuit die hoek van 'n onverdienstelike geregverdigde mens. Meer nog, ons sien ons lewens vanuit die hoek van die Kruis. Die Gees wek die besef van 'n nuwe lewensorde in ons harte. Hierdie geestelike werking bring mee dat ons nie meer onder die dominering van vyandskap en vergelding en as slagoffers met ons naaste lewe nie, ons is eerder bekeer tot ons medemens, veral ons eertydse vyande se heil. Daarmee saam pleit ons by ons medemens: word met God en met ons versoen en verlaat die vreesbevange selfbeskerming waardeur jy net verder van God en mens wegdrywe.

Gebed
Dankie Here dat ons volkome vertroosting in Jesus se wonde vind. Ons dank u dat ons nie enige ander middel hoef te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as slegs hierdie een offerande wat net een maal gebring is. Dankie Here dat ons as gelowiges vir altyd deur dié offer volmaak word (NGB, art 21). Gee dat ons voortaan vanuit hierdie volmaaktheid met U en met mekaar sal lewe. Amen

6. As versoendes kyk ons nou na mekaar met nuwe oë

André van Niekerk

Skriflesing: 2 Korintiërs 5:11-16

Belydenisse
***** Belhar art 2
Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het;...

***** HK - V&A 111
Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel. Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help.

Oordenking

"Kan mense regtig verander?"...
Dié vraag van joernaliste het die Duitse teoloog, Dorothee Sölle, bleek van ontsteltenis gemaak. Eers het mens begrip vir die joernaliste se siniese vraag. 'n Mens weet mos hoe moeilik jyself verander. Selfs iets relatief maklik soos om 'n ongesonde eet- of rookgewoonte te staak, is 'n intense worsteling. Hoeveel te meer as jy jou houding en verhouding teenoor mense verander. Soos Paulus dit verwoord: om mense nie meer soos vroeër te beoordeel nie.

'n Mens begryp egter ook Sölle se ontsteltenis. As mense nie kan verander nie, wat sal tog van ons word? Hoe sal die aarde die ekologie-krisis kan oorleef? Hoe sal ons land met sy klowe tussen mense heel word? Hoe sal ons kinders mekaar kan vergewe en versoenend leef?

Daarom wil mens saam met Sölle antwoord dat dit dalk die mees ateïstiese vraag is…

Mens huiwer met reg om met ander oor verandering, bekering en versoening te praat. Daar is soveel valse goedkoop aansprake op verandering. Andersyds durf ons nie swyg dat God deur sy Heilige Gees lewens verander nie. In ons tyd val talle mense se lewens uitmekaar. Is ons werklik nog kerk van Christus as ons nie meer na verandering en versoening verlang nie, dalk heimlik self dink dit kan tog nie?

Die versoeningsmaatstaf...
Die boodskap van Christus het destyds vinnig en wyd versprei omdat gelowiges Christus geleef het:
* Christen-Samaritane en Christen-Jode saam in klein gemeentetjies;
* Joodssprekendes en Griekssprekendes wat hulle as deel van een liggaam beskou;
* Mans wat teen die tydsgees in vroue respekteer en as as volwaardige mense behandel;
* Kinders wat nie as lastig beleef is nie maar as kosbaar;
* Vrymanne wat nie op slawe neersien nie maar gelowige slawe as "broers" beskou.

In Paulus se taal: hulle beoordeel mense nie meer soos vroeër nie. As versoendes kyk hulle met nuwe oë na mekaar. Wat bring hierdie radikale omkering in gemeenskape en die lewe van indiwidue? Paulus wat Christene vervolg het, word 'n verkondiger van Christus. Hy gee beide 'n hart- en 'n kop-antwoord.

Paulus se hart-antwoord is...
"Die liefde van Christus dring my".

Paulus, die skrifgeleerde, ervaar God op ’n dag op ’n gans nuwe wyse – ná die ervaring van God se lig en Christus se stem op die Damaskuspad. Dit verander hom radikaal. Toe hy Christus ontmoet, verstaan hy God en homself anders. Die liefde van Christus dring hom. Hy kan nie langer na mense kyk soos voorheen nie. Hy kyk met Christus-oë na hulle.

As jy gedwing word om ’n ander kultuurgroep te respekteer, doen mens dit halfhartig. Dit is asof ’n dwangmatigheid van ’n burgerlike godsdienstigheid deel van ons lewe geword het. Ons moet dit afsterf al sou gemeentes daardeur krimp. Die innerlike drang van Jesus Christus moet ons harte laat herleef.

Tydens ’n Stellenbosch sendingweek in die veelbewoë jare 70 beklemtoon Willie Jonker met 'n opvallende patos dat die liefde van Christus ons nie dwing nie maar dring. Die besef dat God jou liefhet gryp jou in die hart, sodat jy voortaan nie leef vir jouself en jou groep se belange nie maar vir Christus en sy belange.

Dit is soos die skeppingsdrang wat ’n kustenaar oorweldig:
* Die kunstenaar kan dit self nie verklaar of verduidelik nie…
* Die kunstenaar ontsien geen tyd of moeite nie...
* Dit kan die begin van ’n nuwe kunsgenre of vermenging van genres wees.
* Daar is kritiek en verwerping. As die kunswerke nie verkoop nie, ontstaan innerlike twyfel.
* Nogtans gaan die kunstenaar voort om die hart uit te skryf, te skilder en te skep.

So werk die liefde van God in ons. Dit laat Paulus ’n lewe van opoffering leef te midde van vyandskap en ontberinge en klein suksesse. Maar nooit weer beoordeel hy Christus en ander soos vroeër nie.

Paulus het ook ’n kop-antwoord...
Die Gees van God werk nie met ons almal dieselfde nie. Almal het nie ’n Damaskus ervaring nie. Die Gees werk egter met ons almal deur ’n proses van losmaking van die oue en trek ons in die kragveld van Christus in.

Paulus verduidelik dat hulle voorheen ook mense en selfs Christus volgens die ‘sarx’, letterlik die vlees, of soos dit vertaal word “menslike maatstawwe” beoordeel het. ‘Sarx’ oftewel vlees, beteken by Paulus dikwels meer as net uiterlike beoordeling. “Vlees” staan vir die ou bedeling waarvan Adam die hoof is en jou natuurlike mensheid bepaal. Teenoor dié bedeling van die vlees staan dié van die Gees met Christus, die nuwe mens, as die familiehoof.

Dit is soos twee strydende kragvelde. Deur geloof in Christus kom ons worstelend vryer van die vleeslike bedeling. Die nuwe bedeling van die Gees laat mens anders kyk na Christus en na mense.

In die kragveld van die Gees leef mens uit die versoening wat Christus gebring het. Die Ou Testament teken al die verlange na ’n tyd van God se sjaloom - die alomvattende harmonie tussen God en mense, tussen mense onderling en tussen mense en die natuur. Hierdie versoening is reeds teenwoordig, maar nog onvoltooid. Volgens 2 Petrus 3:13 verwag ons hierdie nuwe hemel en aarde. Daarom werk ons mee daaraan.

Gisteraand se oordenking het oor die versoening gehandel. Versoening word werklikheid deur ’n proses van sterwe en opstanding. Ons sterwe word deel van Christus se sterwe. Ons opstanding deel van sy opstanding. Daarom is die Christelike lewe een van selfverloëning - die uittrek van ou gewoontes én die aantrek van Christus. Ek sterwe aan ou maatstawwe, maar staan op in ’n nuwe lewe saam met Christus:
* ’n Lewe waarin die Gees my God se beeld in ander laat sien;
* ’n Lewe waarin die Gees my meeneem om my medemens se belange te bevorder (HK 111);
* ’n Lewe in die Gees se kragveld.

Gebed

Gees van Christus, maak ons elkeen opgewonde oor u nuwe, versoende gemeenskap. Werk in ons elkeen die begeerte om ander mense te beskou en te behandel soos U van ons eis. Gee in myself respek vir ander se kultuur en omstandighede. En raak ook my hart aan wanneer ek verantwoordelik is vir ’n medemens se loonkoevertjie. Amen

7. **"Bely en beliggaam ware versoening oral"**

Victor Pillay

Skriflesing: Kolossense 3:1-4

Belydenisse
* HK V&A 43
Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis? Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe. Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, maar kan ons onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy.

* NGB art 20
Ons glo dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem. Hy moes in die menslike natuur aan die geregtigheid voldoen en die straf vir die sondes deur sy allerbitterste lyding en sterwe dra. So het God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het en so sy goedheid en barmhartigheid uitgestort het oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het. Hy het immers sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee, en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê.

* Belhar art 3
Ons glo dat God aan die kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het;... dat God se leweskeppende Woord en Gees die volk van God in staat stel om te leef in ’n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring;...

Oordenking

By Kolossense 3 lê die klem beide op ons identiteit en op ons gedrag. Ons identiteit bepaal die aard van ons gedrag. Die wisselwerking tussen identiteit en gedrag in die eerste 6 verse is gebaseer op die gelowige se posisie in Christus. Hierdie fokus op 'n mens se posisie help ons om vanuit Kolossense 3 te bein oor ons tema van "*Bely en beliggaam ware versoening oral* ".

Ons posisie in Christus sal bepaal hoe ons reageer op ons konteks, die mense, die kerk, die bediening en God se Koninkryk in die algemeen. In al hierdie dinge is daar 'n belangrike geestelike dimensie. In Pinkstertyd is die fokus op die werk van God se Heilige Gees in en deur ons om daardie getuies te wees wat God wil hê ons moet wees (Hand 1:8).

In Kolossense 3:1-4 benadruk Paulus 'n paar baie belangrike aspekte.

Ons het opgestaan met Christus (3:1 a)...
Kolossense 3:1 vermaan ons: "as ons saam met Christus opgestaan het, soek die dinge daarbo waar Christus is". Deur Christus se opstanding is ons met Hom opgewek. Daarom word ons posisie geestelik geïdentifiseer met Christus se posisie. En dit skep in ons 'n nuwe geestelike potensiaal. Nie net is Christus die opgestane Here nie, maar ons is saam met Hom opgewek. Daarom wandel ons in dié nuwe lewe. Die manier waarop ons leef en getuig, ons bediening, ons verhoudinge en interaksie met mense binne en buite die Christelike kerk word na hierdie nuwe posisie geneem. En hierdie nuwe posisie of plek verwag 'n nuwe gedrag en styl van ons. God se heilige Pinkstergees wat in ons lewens werksaam is, wil ons as Christene en die Kerk omvorm om met hierdie nuwe gedrag en styl op te tree. Die Heilige Gees en God se Woord verplig ons om ware versoening oral te bely en te beliggaam.

Ons moet verstaan dat die werk van die Heilige Gees in ons lewens ons by die praktyk van die lewe bring. Die Gees se werking gee aan ons ons eerlikheid en integriteit in verband met wat en hoe ons bely. In beide die kerk en ons wêreld is daar 'n behoefte aan ons belydenis wat God-gedrewe deur die die Gees gerig word. Daar is so baie pyn en lyding van mense in en buite die kerk wat ons moet hanteer. Pinkster sal die mees betekenisvolle reaksie op die behoeftes van die mense by ons moontlik maak, as ons regtig goed verstaan dat ons geestelike identiteit (ons in Christus; ons saam met Christus) bepaal word deur die Here se posisie aan die regterhand van God (opgestaan; hemel).

Kom ons dink bietjie dieper na oor hierdie wonderlike openbaring.

Ons saam met Christus (Kol 3:1 b, 2)...
Paulus leer ons dat Jesus Christus nou aan die regterhand van God sit, met ons verlossing afgehandel. Dit is 'n posisie van volledigheid en volkomenheid. Daar is aan alles aandag gegee. Hierdie werklikheid word omvattend beskryf in Hebreërs 10:11-14. Toe die Ou-Testamentiese hoëpriester die offer op die versoendeksel gesit het, was daar vir hom geen troon om op te sit nie. Maar, toe ons Here Jesus sy volkome offer op die altaar gelê het, kon Hy gaan sit aan die regterhand van God die Vader, in heerlikheid. Die Heilige Gees moet ons bystaan om dit in te sien en getrou te reageer op hierdie voltooide werk van Christus.

Die werklikheid en betekenis van die volkome versoening wat Christus bewerk, is ons punt van oriëntasie. In dié lig moet ek en jy bid: "O Here, help my om te lewe uit die ware versoening wat U bewerk het. Here, help my om die ware versoenig uit te leef. Gee dat die versoening wat U bewerk het tussen die mensdom en God, my versoening met U en al die mense rondom my sal bepaal. O Here, help my om ware versoening te beliggaam."

God se Heilige Gees ondersteun en bekragtig ons om die ware versoening te leef, sodat ons getuies kan wees in die ware sin van die woord. Dit beteken dat ons ons foute teenoor mekaar sal bely en versoening tussen ons en God en onderling met mekaar so sal beliggaam dat die wêreld dit sal kan waarneem en glo.

Ons is dood saam met Christus (Kol 3:3 a)...
Ons werklike posisie is dat ons saam met Christus gesterf het. Ons kan dit op die volgende manier verstaan. Ons sterf eintlik op 'n dubbele wyse. Aan die een kant in die kruisdood van Christus en aan die ander kant in die dood van self-kruisiging. Christus se dood was om ons te regverdig voor die Vader, terwyl die dood van ons heiligmaking 'n daaglikse proses is om ons sondige natuur af te sterf.

Dit daag ons getuienis vandag uit. Ons moet verstaan dat die prys wat deur Christus betaal is vir ons regverdiging volkome en heeltemal gratis was. Daarom is ons uitdaging om daagliks die kruis van heiligmaking in ons lewens te dra. Want as ons sterf aan ons ou natuur, as ons dit wat aards is afê, naamlik "onsedelikheid, onreinheid, hartstog, bose begeertes, gierigheid wat afgodery is, woede, boosheid, laster en vuil taal, soos ons vantevore gedoen het, maar nou nie meer nie (4:5-9) - kan ons nou leef in versoening met God en met mekaar. Nou as mense geklee in die nuwe natuur. As mense wat al hoe meer vernuwe moet word in die kennis van ons (her)skepper (Christus), tesame met alle ander mense - want Christus is alles en in almal (4:10-11). Op watter beter manier kan ons getuies wees van die evangelie, kan ons self die goeie nuus van verlossing in Christus wees as om op hierdie manier ons belydenis van Christus se versoening met God en met mekaar uit te leef?

Ons verskyn saam met Christus (Kol 3:4)...
Dit is die huidige en die toekomstige aard van my en jou posisie. Omdat ons die fundamentele aard

van ons regverdigmaking verstaan en ondervind, kan ons versoening nou en oral uitleef, en kan ons ook uitsien na ons toekomstige posisie - met Christus in heerlikheid. In hierdie proses, bemagtig en rus die Heilige Gees van Pinkster ons toe om betroubare getuies te wees van Sy evangelie boodskap.

Mag ons getrou wees aan Christus se roeping! Kom ons herinner mekaar dat ons geregverdig en versoen is deur ons Here met die vreugdevolle belofte en toekomstige vooruitsig om saam met Hom in heerlikheid geopenbaar te word! Laat ons werklik ons belydenis van Christus se heerskappy en die versoening wat Hy vir en onder ons bewerk het oral, in alle situasies en verhoudings, prakties omhels en beliggaam.

Gebed
Here Jesus, dankie vir U versoeningswerk. Dankie vir die kruis van versoening. Help my met al my broers en susters om ons versoening met U ernstig te neem. Help ons almal om dit wat U bewerk het onder mekaar as u broers en susters uit te leef. Maak ons die voorbeeld van u evangelie vir almal anders om te sien en te ervaar en te begeer. Amen

8. Ons Here gee om

Gustav Claassen

Skriflesing: Lukas 1:46-56

Belydenisse
* NGB art 1
Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed, en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.

* NGB art 13
Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie, maar dit volgens sy heilige wil só bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie.

* HK - V&A 125
Wat is die vierde bede? Antwoord: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is, sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is, en dat al ons sorge en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie. Gee daarom dat ons ons vertroue van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel.

* Belhar art 3
Ons glo dat God Godself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat God in ’n wêreld vol onreg en vyandskap op ’n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat God die kerk roep om Hom hierin na te volg; dat God aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat God die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat God die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper;...

Oordenking

Die evangelie van geregtigheid laat haar sing...
Daar word na Lukas verwys as “die evangelie van die armes”. Lukas beklemtoon die kontras tussen ryk en arm. Hy skryf aan ’n klasgemengde samelewing. Die eerste lesers van die evangelie was uit die welvarende middelklas, terwyl Jesus se volgelinge uit die laer klasse van die samelewing gekom het. In sy evangelie toon Lukas aan dat Jesus se koms radikale implikasies het vir arm en ryk! In hierdie opsig is ons teksgedeelte ’n inleiding op die hele evangelie. ’n Gepaste tema vir ons teksdeel is daarom: “God ontferm Hom oor die lot van die armes”.

Lukas 1:46-56 is in die kerklike tradisie bekend as die *Magnificat* of die loflied van Maria. *Magnificat* is die woord waarmee die Latynse vertaling van die gedeelte begin: *Magnificat anima mea Dominum* “My siel maak die Here groot”. Die *Magnificat* is inleidend ’n pragtige lofprysing aan die begin van hierdie evangeliebeskrywing.

Daar is wonderlike momente in hierdie lied. Maria loof die Here vir wat Hy aan haar gedoen het. Dat God Hom met haar as een van die “geringes” (armes) in die samelewing bemoei, motiveer en spoor haar aan om sy lof te besing. Sy ervaar God as die ontfermende God wat omgee. Maria verwys in vers 48 na haarself as deel van die letterlik armes (Grieks, *tapeinoi*). Geringheid is hier Maria se fisieke toestand van armoede, eenvoud en nietigheid. Lukas vergeestelik nie die woord “armes” nie.

In die tweede deel sing Maria oor die omwenteling wat Jesus bring en wat verder sal uitkring. Maghebbers gaan deur God van hulle trone afgeruk en die armes sal verhoog word (verse 51-53). Rykes gaan gestroop (vers 53) en die armes versorg word. God se Seun gaan die hele sosiale orde omkeer. Haar loflied beweeg vanaf die individuele na die sosiaal-politieke arena, terwyl die voorwerp van God se ontferming skuif vanaf Maria na "sy dienaar Israel", na die "nageslag van Abraham" (verse 54-55), en na almal "wat Hom eer" (vers 50). So vorm die geringes aan wie reg gedoen word, deel van 'n ketting van reg wat oor die aarde uitkring.

God bring die karaktertrekke van die hemel aarde toe...
Wanneer God na die geringes kyk en na hulle omsien, sien Hy 'n wêreld van onreg raak. Die hoogmoediges, die maghebbers en die rykes dui op diegene wat sowel in status as gesindheid die teendeel van die geringes is. Dié hoogmoediges is God vyandiggesind en daarom ook teenoor mense vyandig. God word geroem omdat Hy die Een is wat die wêreldse verhoudings van arm teenoor ryk, behoeftig teenoor selfgenoegsaam, verneder teenoor magtig, omkeer deur sy groot dade. Maria sing nie omdat Jesus mense hemel toe gaan stuur nie. Sy sing omdat God iets van die hemel hier gaan wys en die sosio-politieke wêreld gaan omkeer en in lyn bring met sy geregtigheid.

Geslagte lank ervaar gelowiges hierdie ontferming van God. Want so is God! Sy wese is ontferming. Mens verstaan die evangelie eers wanneer jy iets verstaan van God se ontfermende liefde. A.H. van Ruler skryf iewers: "Daar is een ding wat ons oneindig troos: dat daar êrens werklik 'n Hart is en dat die heelal daarom nie koud en stom is nie." In God se verlossingsdade gaan dit nie net om individuele vernuwing nie, maar ook om sosiale verandering wat teweeggebring word. As God sy heerskappy invoer, skud Hy aan trone en geldsakke.

Dit gaan nie hier ongekwalifiseerd oor mense wat mag of rykdom het nie, maar om hulle wat hulself laat geld ten koste van die armes en geringes. Dit is mense wat God se gawes misbruik vir eie gewin. Dit gaan ook nie hier om 'n spesiale heilskategorie vir armes nie. Die evangelie word hier letterlik aarde toe gebring. Dit gaan oor brood, klere, kos en werk.

Ons uitdaging is om soos God te wees...
Met hierdie teks uit Lukas kan ons nie net na die hemel staar nie. Ons moet sien wat voor hande is om armoede, werkloosheid en sosiale onreg te bestry.

In Suid Afrika is daar plekke waar 41% van die kinders slegs 90% van hul veronderstelde lengte en slegs 80% van hul verwagte liggamsgewig is, as gevolg van wanvoeding. Daar is gemeenskappe waar tot 13,5% van kinders voor hul vyfde verjaarsdag sterf. Afgesien van die statistieke oor vigs, verteenwoordig tuberkulose nog 61% van aanmeldbare siektes. Nog heelwat slegte statistiek beklemtoon die ongelooflike gaping tussen ryk en arm en die gevolge daarvan in ons samelewing.

Daar was tye wat mense verketter is as hulle op die sosiale implikasies van Jesus se boodskap gewys het. Tekste soos dié van Lukas en ander is gerieflikheidshalwe vergeestelik. Dit het vir lank die kerk afgestomp vir die sosiaal-politieke implikasies van die evangelie. Ons het graag die evangelie van die kruis verkondig maar die evangelie van brood vermy.

In dié opsig is die woorde van David Bosch 'n wekroep: "Wanneer iemand se persoonlike vroomheid tussen hom en sy medemens gaan staan, wanneer sy godsdienstige toewyding hom vir sy naaste toesluit, wanneer die werkinge van die Heilige Gees tot die terrein van die persoonlike etiek beperk word, wanneer Christenskap slegs in terme van heilige handelinge op gesette tye gedefinieer word, wanneer Bybeluitsprake wat met mense se konkrete node te doen het, vergeestelik word, wanneer verlossing tot die mens se persoonlike verhouding tot God beperk word, wanneer 'n persoon minus al sy verhoudinge gered word, wanneer strukturele en geïnstitusionaliseerde sonde nie aan die kaak gestel word nie, het ons met 'n onbybelse eensydigheid en 'n onegte Christendom te doen."

Ons uitdaging is om in hierdie sake soos God te dink en te doen...

Gebed

Vader, vergewe die wat haat, vervreemding en verwydering bring tussen volke, rasse en sosiale klasse.

Vader, vergewe die inhaligheid van mense en nasies wat hulle dryf om wat aan ander te behoort net vir hulleself te wil vat.

Vader, vergewe die hebsug wat werkers uitbuit en die aarde se bronne gewetenloos uitput.

Vader, vergewe ons onverskilligheid oor die lot van werkloses, huisloses, vlugtelinge.

Vader, vergewe, die trots in ons harte wat maak dat ons op onsself vertrou, en U vergeet. Amen

(Gebed op altaar van Nuwe Coventry – katedraal wat Sentrum van versoening is).

9. Ons Here herstel die reg

Mary-Anne Plaatjies van Huffel

Skriflesing: Lukas 6:20-26

Belydenisse
* NGB art 22
Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons hart laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie.
Ons bedoel … dat Jesus Christus ons Geregtigheid is. Hy reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het…

* HK - V&A 122
Wat is die eerste bede? Antwoord: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter. Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam ... geëer en geprys word.

* HK - V&A 123
Wat is die tweede bede? Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp. Bewaar u kerk en laat dit groei. Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word, totdat die volkomenheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees.

* Belhar art 3
Ons glo dat God Godself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat God in ’n wêreld vol onreg en vyandskap op ’n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat God die kerk roep om Hom hierin na te volg; dat God aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat God die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat God die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat vir God reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat God die kerk wil leer om goed te doen en die reg te soek;... Die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes...

Oordenking

Die hemelse Kneg, bring na nasies die reg...
Die goeie nuus is dat God vir Christus gestuur het om sy verlossing aan ons, sy kerk en die skepping te verkondig, om sy seëninge aan ons bekend te maak.

Ons belydenisskrifte beklemtoon dat God hierdeur die goeie vir mense wil en geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring (NGB, HK, Belhar). Dat Hy in Jesus ons geregtigheid bewerk, dat goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid skitter in sy ryk, waar Hy alles in almal sal wees (HK) en dat God op 'n besondere wyse die God is van die noodlydende, die arme en die verontregte (Belhar).

Die Skrifgedeelte wat ons saam oordink, kom uit Lukas se weergawe van Jesus se Bergrede. Dit help ons ook om Christus se leringe met onsself en ons konteks in verband te bring.

Dit val op, in Lukas 6 word seëninge met ellende gekontrasteer. Jesus sê byvoorbeeld: "Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God" (6:20); "Maar ellende wag vir julle wat ryk is, want julle het julle lekker

lewe al weg" (6:24). En Lukas beklemtoon elders juis dat Jesus se sending was om die goeie nuus aan die armes te verkondig (4:18, verwysend na Jesaja 6). Die Afrikaanse woord "geseënd" by Lukas 6 is in Grieks *makarios*. In die omgang, het dit die gelukkige, onbesorgde toestand van die gode beteken en in die algemeen ook die geluk van die rykes.

In die reeks teenstellings by Lukas 6 toon Jesus sy besondere ontfermende liefde en seën vir die armes, die noodlydendes, die hongeriges en die treurendes. Soos ander profete voor Hom (vgl Jes 3:10-11 en Pred 10:16-17) daag Hy ook die voorveronderstellings van sy dag uit met betrekking tot rykdom en armoede en die mense se denke oor seën en ellende.

Ons Skrifgedeelte (Luk 6:20-26) bevat vier pare seën-ellende uitsprake van Jesus:
Die eerste paar (verse 20 en 24) kontrasteer die rykes en die armes.
Die tweede paar (verse 21a en 25b) kontrasteer dié wat honger het en dié met vol mae.
Die derde paar (verse 21b en 25b) kontrasteer dié wat treur met dié wat lag.
Die vierde paar (verse 22-23 en vers 26) kontrasteer dié wat gehaat word om Jesus wil en diegene van wie goed gepraat word.

Kom ons kyk bietjie nader na wat ons Here in hierdie lering aan sy dissipels bedoel het.

Heersende perpektiewe op hulle kop gekeer...
Jesus gebruik die skerp kontraste om 'n belangrike punt aan hulle te maak. Hy kontrasteer die seën van die armes, met die hooplose toekoms van die rykes. Die selftevredenheid van die rykes stel Hy teenoor die afhanklikheid van die armes. Die armes is genoodsaak om hul vertroue in God te stel, want hulle het geen rykdom om op te vertrou nie. Die armes het ook graag na Jesus se woorde geluister en Hom gevolg, maar die ryk godsdienstige instellings van die dag het sy leerstellings verwerp. Eersgenoemdes, wat aan die kortste end getrek het in die samelewing noem Hy egter koningskinders. Jesus het hom tydens sy aardse bediening met die hongeriges, die dorstiges, die vreemdeling, die huisloses, die gevangenes, die siekes geïdentifiseer.

In die tweede teenstelling praat Jesus van werklike honger wat 'n mens aan jou eie lyf voel. En Hy kontrasteer hierdie honger en armoede met 'n vol maag, sonder om te deel met die honger een, met materiële voorspoed wat mense soek en ontwikkel ten koste van ander. Die mense met wie Jesus praat, weet wat honger is, ken armoede, hulle is sy dissipels wat alles laat staan het om Hom te volg.

In die derde teenstelling stel Jesus geween teenoor gelag. Dit gaan nie hier bloot om die gewone hartseer wat elkeen van ons in die loop van die lewe ervaar nie. In beide die Ou en Nuwe Testament is daar die regverdige mense wat treur oor die onreg wat hulle rondom hulle sien. God gelas die profeet Esegiël: "Gaan deur die stad, deur Jerusalem, en maak 'n merk op die voorkoppe van almal wat sug en kla oor al die afskuwelike dinge wat in die stad gebeur" (Eseg 9:4). Diegene wat God se gebroke hart vir sy wêreld deel, sal in die toekoms lag en deelhê aan die bruilofsmaal van die Lam (Op 19:6-9).

Leef en laat leef met God se hart...
In die vierde teenstelling plaas Jesus haat en die goedpraat van mense teenoor mekaar. Hierdie uitspraak verskil opmerklik van die eerste drie. By die vierde paar is die teenstelling nie soos by die ander tussen die nou en die eenmaal nie, maar dit fokus in die hede op die gesindheid, ingesteldheid en houding van liefde of haat tussen mense. Jesus verwys na die lot van die profete wat deur hulle teenstanders gehaat is, omdat hulle die wil van God bekend gemaak het teeoor die onreg in hulle dag. Ons, Jesus se volgelinge kan dieselfde teenstand verwag as ons sy fokusse op geregtigheid verkondig. Die groot gevaar is as mense van my en jou sou goedpraat omdat ons nie op God se reg fokus nie, en hulle dus so laat wegkom met onreg.

Die les uit hierdie teenstellinge vir ons almal is dat die waardestelsel wat die houdinge en optrede bepaal in God se koninkryk, gebaseer is op liefde en getrouheid aan God en nie op die populêre menings, houdings, lewenswyses en onreg binne ons gemeenskap nie..

Die Belhar Belydenis help ons om reg te fokus op ons verantwoordelikheid teenoor diegene wat onreg ly. Die belydenis sê: "God openbaar Homself immers as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring en dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God

van die noodlydende, die arme en die veronregte is. Hy roep ook vir ons, sy kerk om Hom hierin na te volg. Die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes."

Gebed

Here, leer ons om in u voetspore te volg en u geregtigheid ons eie wêreldbeskouing en leefstyl te maak. Leer ons hoe om aan die verdruktes die goeie nuus van vrede te bring en hoe om brood aan die hongeriges te gee. Skenk ons genade om ons naaste in enige vorm van lyding en nood by te staan, soos u dit self sal doen. Amen

10. "Bely en beliggaam barmhartige geregtigheid"

Godfrey Betha

Skriflesing: Jakobus 1:19-27

Belydenisse
* NGB art 29
Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken, ... aangaande die lidmate van die kerk: Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser, Jesus Christus, aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie, en hulle sondige natuur met sy werke kruisig.

* HK - V&A 86
Waarom moet ons nog goeie werke doen...?
...omdat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word: Verder, sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry, en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen.

* Belhar
Ons glo dat God Godself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat God in ’n wêreld vol onreg en vyandskap op ’n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat God die kerk roep om hierin na te volg;...dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

Oordenking

Die boek van Jakobus mag moontlik die vroegste van die Nuwe-Testamentiese briewe wees - waarskynlik geskryf in die jaar 48 nC. Jakobus, die broer van Jesus was een van die leiers van die kerk in Jerusalem. Sy brief spreek Christene oral aan en onderrig hulle oor die die praktyk van die Christelike leer. Jakobus sê ons moet bereid wees om te luister na wat God sê en ons gedrag verander om te voldoen aan God se wil. Daarom moet ons drie dinge doen, Ons moet God se Woord *hoor*, dit *aanvaar* en dan God se Woord *doen*.

Hoor die woord...
Toe Jakobus vers 19 geskryf het: "Almal moet vinnig wees om te luister, stadig om te praat en nie gou wees om kwaad te word nie", het hy nie net gepraat oor ons geneigdheid om te praat en nie na mekaar te luister nie. Hy het dit oor ons bereidheid om te praat maar nie na God te luister nie. Jy kan dit nie in die konteks mis nie (lees verse 19-21). Die enigste "Woord in julle geplant, wat julle kan red", is die Woord van God. Ons moet meer geïnteresseerd wees om te hoor wat God vir ons sê as om Hom te vertel wat ons dink! Ons moet die Woord van God hoor. Dit kom voor asof mense baie meer geïnteresseerd is om met God te praat as om na Hom te luister.

Maar dit is nie genoeg om net die Woord te hoor nie, beklemtoon Jakobus. Jy moet verder beweeg as hoor.

Aanvaar die Woord...
Hoe meer ons toelaat dat die sonde ons lewe beheer, hoe minder is ons bereid is om onsself bloot te stel aan God se Woord omdat ons nie getugtig wil word nie. Ons wil nie skuldig bevind word nie. Dit is nie lekker om gekonfronteer te word met die feit dat ons nie lewe soos ons behoort nie. Ons vermy eerder die onderwerp, vind maniere om aanbidding te mis en die lees van die Bybel te omseil en om

elders besig te wees wanneer Bybelstudie gebeur. Ons keuse om nie die Woord van God in ons lewe te aanvaar nie, is 'n wilsdaad.

Dit is egter ook deur 'n wilsdaad dat ons gereed word om God se Woord in ons lewe (vers 21) te aanvaar. Jakobus sê ons moet ontslae raak van 'n paar dinge voor God se Woord in ons harte sal groei en floreer. Ons moet ontslae raak van morele vuilheid en van boosheid. Uiteindelik beklemtoon hy dat ons beter moet vaar as om bloot te hoor en te aanvaar. Hy sê: Doen dit!

Doen die Woord...
Jakobus, 'n ouderling in die gemeente in Jerusalem, sien klaarblyklik mense wat kom om te aanbid, wat die woord hoor en selfs die Woord aanvaar, maar tog voortgaan om te lewe soos hulle wil. Hy sê daarom in vers 22: "Moenie julleself mislei nie, daar is geen waarde daarin om net te luister na die Woord nie. Jy moet in die lig daarvan optree." Ons word gemotiveer om te verander deur te kyk in die spieël van God se Woord (verse 23-25).

Jou weerkaatsing in die spieël daag jou uit om te dink oor wie jy is. Jakobus sê dat die soort van introspeksie moet kom wanneer jy God se Woord bekyk. Ons gaan egter nie verder as die oppervlak nie, want ons wil nie die onvolmaaktheid sien nie. Maar, 'n wonderlike ding gebeur wanneer ons aandagtig in die spieël van God se Woord kyk, dit hoor, dit aanvaar en kies om die Woord te doen. 'n Transformasie vind plaas. In 2 Korintiërs 3:18 skryf Paulus: "En terwyl ons soos in 'n spieël, met onbedekte gesigte die Here se heerlikheid aanskou, word ons omskep na sy gelykenis met toenemende heerlikheid, wat kom van die Here wat die Gees is."

Wat sien jy vandag in die spieël?

In verse 26-27 wys Jakobus op hoe die lewe lyk wanneer God jou verander. Wanneer jy toelaat dat God se Woord jou beïnvloed, sal dit veroorsaak dat jy reinheid in jou eie lewe soek en dit sal jou aanvuur om maniere te vind om ander te help, veral diegene wat hulself nie kan help nie.

En hoe meer jy soos God word, hoe minder selfgerig sal jy wees. Hoe meer jy na Hom luister, hoe meer sal jy betower word deur God en sensitief wees vir die behoeftes van ander. As jy lief is vir ander deur hulle te dien in tye van nood, word iets van God se beeld sigbaar in jou lewe.

Perspektief vanuit ons verlede
Die Belhar Belydenis laat ons ou herinneringe herleef, sodat ons nie vergeet nie. Hierdie herinneringe en letsels wat ons in ons siele dra, herinner ons dat sommige van ons "onderdruk" was en dit waarsku ons om nie ander te verdruk nie. Almal van ons word ook deur Belhar herinner om nooit ons herinneringe te gebruik om te vergeld nie, of om wrokke te dra of hulle te gebruik om ons selfsugtige agendas te bevorder en die aspirasies van ander te onderdruk nie. Ons word voortdurend daaraan herinner om waaksaam te wees teen enige ideologie wat steeds op rassevooroordele teer. Ons word geroep om die beeld van die bevrydende God in ander te sien en raak te sien dat God ander deur ons wil bevry.

Beide die Nederlandse Geloofsbelydenis (art 29) en die Belhar Belydenis herinner ons daaraan dat God se koninkryk gegrond is op die oortuiging dat die God op wie ons vertrou nie onverskillig staan teenoor die mens se geskiedenis nie. Hy is onmiddellik en simpatiek geinteresseerd in ons wêreld. Deur sy genade, wysheid en krag is Hy besig om in te gryp en ons wêreld te transformeer. Jesus se menswording demonstreer dit.

Die Belhar Belydenis hou aan om ons daaraan te herinner om aandagtig, intelligent, redelik en verantwoordelik te leef onder die voorskrifte van die koninkryk van God en te waak teen die vervorming en dwaling van ander mense. Dit roep ons om self te verenig ten einde te verenig met ander. Belhar bekragtig ons om te bid tot die Here van die leërskare om ons te suiwer van alle verdeeldheid, twis en spanning wat tussen onsself kan ontstaan.

Dit bring ons daarby om maniere te bedink om 'n Christelike Kerk te wees, terwyl ons voortdurend by die kruis van Jesus van Nasaret staan. Dit is by die kruis dat ons die omvangrykheid begryp van die menslike lyding en verdrukking van die armes, die wat uitgebuit word en die wat op die rand gestoot word van ons samelewing. Ons word voortdurend daaraan herinner om ons etnisiteit, seksisme, kulturele superioriteit en die marginalisering van ander te bely en ons daarvan te bekeer. Ons word opgeroep om vergiffenis te vra van hulle wat ons te na gekom het, en om onsself daartoe te verbind om diegene wat verdruk word en diegene wat die oortollige rykdom van ons land ontsê word te bevry, ongeag wie vir wat verantwoordelik is. Ons word gemaan om nooit tendense wat lei tot utopie of romantiese skemas te omhels nie. Ons word daaraan herinner om onsself en mekaar in ons verlede te herken, ook in wat ons vir die toekoms hoop en om saam te worstel en skeppend saam te stry vir 'n gemeenskaplike toekoms wat ons saam kan vier.

Gebed
Here, u Woord en Heilige Gees dwing ons om te hoor en te aanvaar en te doen wat U ons beveel met betrekking tot geregtigheid in die kerk en in die samelewing. Ons bid dat U ons bruikbaar sal maak en werklik gehoorsaam om u transformasie agente van u evangelie te wees in die kerk en in die samelewing van vandag. Amen

11. Ons bely moedig agter Jesus ons Leidsman en Voorbeeld aan

Pinksterfees: Jesus is die Heer

Nelis Jansen van Rensburg

Skriflesing: 1 Petrus 3:15-18 (15)

Belydenisse
* HK - V&A 1
Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

* Belhar (Slot).
Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees.
Jesus is die Heer.
Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid.

Oordenking

Jesus, in die hart van Pinkster...
Jesus is die Heer! So klink die oudste belydenis van die kerk. Hy, Jesus heers oor alles. Wanneer Petrus op die dag van die uitstorting van die Heilige Gees preek, eindig hy sy rede só: “Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak.”

Belydenisse oor Jesus is by uitstek pinkstergebeure. Die Nuwe Testament vertel dat die vroeë kerk oral hierdie belydenis oor Jesus sing: “In die Naam van Jesus sal elkeen in die hemel en op die aarde en onder die aarde die knie buig en elke tong sal erken: Jesus Christus is die Here!” (Fil 2:10, 11). “Hy is die Hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan. Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem (Kol 1:18). “Jesus Christus is die Here”, sing die pinksterkerk.

Hierdie woorde was die woorde waarvoor die vroegste navolgers van hierdie Here op brandstapels moes sterf. Wanneer die keiser eis om here genoem te word, die enigste here, noem hulle Jesus die Here. Hierdie is die een belydenis wat herhaaldelik deur die eeue in die Christelike kerk weerklink. Jesus is Heer! Wanneer die Nederlandse Geloofsbelydenis in die nag van 2 November 1561 oor die poort van die kasteel by Doornik gegooi word met ’n begeleidende brief, staan hierdie woorde op die buiteblad gedruk: “Jesus is Heer!” En in 1986, in die krisisuur, toe ons land onder die heerskappy van ’n verdelende ideologie hoop verloor, bely die kerk uit Belhar: “Jesus is die Heer.” Ja, sluit hierdie belydenisskrif van ons tyd af: “Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees. Jesus is die Heer.” Langs hierdie slotwoorde van die belydenisskrif staan Skrifgedeeltes soos 1 Petrus 3:15. “In julle harte moet daar net eerbied wees vir Christus die Here.”

Selfverloënend, volhardend agter Jesus aan...
Die belydenis dat Jesus die Heer is, kondig beide ’n feitelike werklikheid aan, én roep ons op tot navolging van dié Here. Johannes Calvyn bespreek die Christelike lewe onder die opskrif, “navolging van Christus,” en die heel eerste stap wat hy behandel, is selfverloëning. As jy bely dat Hy die Here is, verloën jy jou eie heerskappy oor alles in jou lewe. Dan bely jy dat jy bereid is om Hom te volg, selfs al is daar geen oënskynlike voordeel vir jou daarin te vind nie. Dat jy Hom sal volg al moet jy ook ‘n prys betaal. Hierdie Evangeliewoord klink onwelkom in ons ore. Dié evangelie van ’n Here wat regeer, maar sy heerlikheid openbaar in sy éié selfprysgawe aan ’n kruishout. Dit is hier waar dit moeilik raak om Hom te volg. Om te bly glo dat selfprysgawe lei tot verhoging, selfs wanneer daar geen teken is van moontlike voordeel nie. Sören Kierkegaard skryf in sy beroemde *Vrees en Bewing* aangrypend oor Abraham wat vir Isak moes gaan offer. Hy vergelyk Abraham met Argamemnon wat sy dogter vir Zeus offer ter wille van ’n oorwinning oor die vyand. Abraham se stryd gaan nie net oor die smart van ’n vader wat sy seun moet offer nie. Dit gaan ook oor die nood van ’n aangevegte geloof wat niks goeds kan sien in wat hy moet doen nie. Dis die nood van ’n gelowige om die skynbaar sinlose gehoorsaamheid aan sy God te wil ontduik.

Die Christene aan wie die 1 Petrus brief geskryf is se gehoorsaamheid aan Jesus het ’n irritasie vir die heidene in Klein-Asië geword. Hulle het met hulle lewe en gedrag getuig van Jesus se oneindige liefde en respek vir alle mense. Daarom is hulle vervolg en geminag. Daarom moedig 1 Petrus hulle aan tot volharding in hulle navolging van Jesus. Korrekte optrede teenoor slawe en die staat, getrouheid aan mekaar in die huwelik, protes teen ongeregtigheid, selflose liefde, mededeelsaamheid met ander. Dit is die lewende getuienis waarvoor hulle ongetwyfeld sal ly ter wille van Christus.

Ook 1 Petrus val terug op die liedere uit die vroeë kerk met die klanke en tone van die lied van die lydende kneg van Jesaja 53: “Hy het ’n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie. Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly.” Dít is die DNA van ons geloof, dat Jesus, die gekruisigde en opgestane, die Here is, dat ons aan Hom behoort wat ons bewaar en vir Hom lewe (HK 1), Hom volg in sy lyding, net omdat Hy die Here is.

Gehoorsaam aan Hom, al kos dit ons...
Hierdie belydenis, dat Jesus die Heer is, het radikale implikasies vir ons lewe vandag in Suid-Afrika. Dit roep uit teen mense wat hulle mag van kennis, of geld of posisies misbruik. Dit pleit by mense wat nie hulle verpligtinge teenoor die siekes en armes en die lydendes nakom nie. Dit maak ’n appél tot mense wat hulle oorvloed net vir eie gewin aanwend. Dis ’n duidelike vermaning vir mense wat onreg sienderoë verbygaan. Ja, dis die belydenis en die grondhouding wat die Heilige Gees aan gelowiges gee teenoor diegene wat selfvoldaan leef. Dit beantwoord nie geweld met teengeweld nie, magsaansprake met getallepraatjies nie, vernedering met disrespek nie, dreigemente met vloektaal nie.

Nee, dit getuig dat ons met die fyn onderskeiding wat die Heilige Gees bewerk, Jesus dien. Hy is die Heer. Ons sal daagliks sy wil soek. Ons sal geregtigheid vir alle mense najaag. Ons sal versoenend leef. Ons sal nie onderskeid maak tussen mense nie. Ons sal mekaar liefhê en vashou en dien, al kos dit ons baie meer as waarvoor ons begroot het. Ons sal met ons kerke en met ons huise en met ons verhoudings en met ons respek vir alle mense van hierdie alternatiewe lewe getuig, op elke plek en by elke geleentheid, totdat elke knie buig en elke tong bely, Jesus Christus is Heer.

Gebed
Here, ons bely, al is dit stamelend en bewend, dat U ons enigste Here is! Leer ons hoe om hierdie belydenis dat U die Heer is, getrou uit te leef in ons stukkende wêreld, sodat u wil geskied, u Naam geheilig word en u koninkryk kom. Amen.